**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2020: JAAR VAN DIENS-UITNEMENDHEID!

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VIRTUELE VERGADERING GEHOU OP MAANDAG 14 DESEMBER 2020 OM 11:00 VANAF PIKETBERG.

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. AC Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. M Crous | : | Bestuurder: Inkomste |
| Mnr. C Cornelissen | : | Hoof: Verkeersdienste |
| Mev. J Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat & Rekordsbestuur |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VIRTUELE VERGADERING GEHOU OP MAANDAG 14 DESEMBER 2020 OM 11:00 VANAF PIKETBERG.**

**AKSIE**

**BKN038/12/2020**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadslid Du Plooy open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal teenwoordig verwelkom.

Die Voorsitter versoek die amptenare om nie paniekerig te word oor die huidige situasie, met betrekking tot Covid-19 in die werksplek nie. Hy verseker die amptenare dat die Direksie die situasie hanteer met die nodige erns en dat indien dit nodig is om drastiese stappe te neem die Munisipale Bestuurder dit so sal kommunikeer en implimenteer. Hy versoek verder dat ‘n bewusmakingsveldtog weereens geloods word in die onderskeie dorpe in die Bergrivier Munisipale gebied om die gemeenskappe weer in te lig oor die voorsorgmaatreëls om die verspreiding van die Covid-19 virus te bekamp.

Die Munisipale Bestuurder versoek dat alle Raadslede en amptenare die reëls sal gehoorsaam en hul volhartige samewerking gee in hierdie verband.

Die Voorsitter versoek verder die Munisipale Bestuurder om ‘n skrywe van te rig aan Swartland Munisipaliteit met die bekendmaking van die Uitvoerende Burgemeester en sy eggenoot wat positief getoets het vir Covid-19 om hul ‘n spoedige herstel toe te wens.

***

**BKN039/12/2020**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**BKN040/12/2020**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN041/12/2020**
**AFSKRYF VAN UITSTAANDE REKENINGE**
**5/1/B; 5/1/1**

Die Bestuurder: Inkomste lei die item in, hy gee ‘n breedvoerige agtergrond oor die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentare word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

1. Dat die gevalle 4; 5; 6; 7; 8; 9; 10; 11; 13; 14; 15; 17 en 18 in die verslag, bestorwe boedel gevalle is waar die eienaar(s) reeds oorlede is en familie die eiendom bewoon. Die afskryf van die skuld spreek egter nie die probleem aan om die eiendomme oorgedra te kry na die huidige bewoner nie, en sal die eiendomsbelasting en dienste rekening altyd apart gestuur

word, indien dit apart oopgemaak word. Waar die erfgename wel in proses is om die eiendom oor te dra kan die skuld by sodanige aansoek van belastinguitklaringsertifikaat afgeskryf word; en

2. Dat die volgende gevalle nie hierbo aangespreek word nie, en word dus apart aanbeveel vir afskrywing:

**1. Rekeningnommer:329878 (L.Zincke)**

Dat die debiteur 'n afbetalingsooreenkoms met die Munisipaliteit moet aangaan;

**2. Rekeningnommer:245018 (D & J Mbabane)**

Dat die debiteur 'n afbetalingsooreenkoms met die Munisipaliteit aangaan. Hierdie eiendom word gebruik om 'n inkomste te genereer;

**3. Rekeningnommer:33239 (A.M.E.Kerk)**

Dat die debiteur 'n afbetalingsooreenkoms met die Munisipaliteit aangaan. Indien hierdie versoek toegestaan word kan soortgelyke instansies dieselfde versoeke rig;

**4. Rekeningnommer:194557 (E.Jonathan)**

Dat die debiteur 'n afbetalingsooreenkoms met die Munisipaliteit aangaan. Die aansoeker kwalifiseer nie vir deernis nie as gevolg van die inkomste van haar kind wat ook woonagtig is op die perseel;

**12 Rekeningnommer: 41906 (NA Claassen)**

Dat die uitstaande skuld ten bedrae van R 10,090.93 eenmalig afgeskryf word;

**16. Rekeningnommer: 51157 (CB & LMM Markus)**

Dat die debiteur 'n afbetalingsooreenkoms met die Munisipaliteit aangaan; en

**19. Rekeningnommer: 99783 (Jasper Hoon Holding CC)**

Dat die uitstaande bedrag van 4,780.98 afgeskryf word.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

***(Die Direkteur Gemeenskapsdienste verklaar sy persoonlike belang voor onderstaande item bespreek word en verlaat die vergadering om 11:30)***

**BKN042/12/2020**
**MUNISIPALE EKSTERNE STUDIEBEURSAANSOEK VIR 2021**
**4/4/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat studiebeurse van R8 333.00 elk toegeken word aan die aansoeke soos vervat in Aanhangsel B van die verslag;

2. Dat die oorblywende kandidate soos vervat in Aanhangsel C van die verslag in volgorde van maandelikse verdienste van die ouers gerangskik word en op 'n waglys geplaas word om plekke te vul, indien enige van die oorspronklike 12 aansoekers nie die beurse opneem nie;

3. Dat die twaalf goedgekeurde aansoekers voor 01 Maart 2021 hul beurse aanvaar en die nodige dokumentasie indien vir uitbetaling; en

4. Dat 'n in-beginsel besluit geneem word dat R200 000.00 oorgeplaas word vanaf die "Community Upliftment Fund" van die Uitvoerende Burgemeester na die studiebeursfonds om aan die volgende 29 aansoekers op die lys elk 'n beurs van R6 880.00 toe te ken.

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

***(Die Direkteur Gemeenskapsdienste sluit weer om 11:45 aan by die vergadering)***

**BKN043/12/2020**
**INFORMELE HANDEL: AANSOEK EN TOEKENNINGSPROSEDURES VIR GEVESTIGDE STALLETJIES**
**14/B**
***(Die verslag soos voorheen elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Direkteur Gemeenskapsdienste lei die item kortliks in. Die Hoof: Verkeersdienste gee 'n kort agtergrond oor die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die Informele Handel: Aansoek en Toekenningsprosedures vir Gevestigde Stalletjies goedkeur vir implementering;

2. Dat voorsiening gemaak word vir persone wat hul produkte verkoop deur te loop in die straat/dorp ("runners") in die Informele Handel: Aansoek en Toekenningsprosedures vir gevestigde stalletjies en dat inwoners van Bergrivier Munisipale gebied voorkeur geniet met betrekking tot die toekenning van stalletjies; en

3. Dat 'n Informele Handelkomitee/Toekenningskomitee gestig word.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN044/12/2020**
**TEMA VIR 2021: VOORSTEL: JAAR VAN OMGEE EN RESPEK / "YEAR OF CARING AND RESPECT"**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Verskeie insette word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die tema: 2021: Jaar Van Voortgesette Vrugtevolle Vennootskappe, 2021: "Year Of Protecting Prosperous Partnerships" deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur word vir implementering vanaf Januarie 2021.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

*****

***Die Uitvoerende Burgemeester wens almal teenwoordig 'n voorspoedige Kersseisoen en Nuwejaar toe.***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:15***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***